



Graad 11: Gereelde vrae

Vrywaring: Hierdie dokument bevat die mees onlangse inligting (April 2023) wat op www.maties.com verskyn en sal gereeld bygewerk word. Nietemin bly dit voornemende studente, ouers en/of onderwysers se verantwoordelikheid om op hoogte te bly van die jongste ontwikkelings.

- **Hoe vaar die Universiteit Stellenbosch (US) op die internasionale ranglyste?**

Die US is een van Suid-Afrika se voorste tersiêre instellings en vaar ook besonder goed in die mededingende internasionale hoëronderwyslandskap. Volgens die **QS- (Quacquarelli Symonds-)wêrelduniversiteitsranglys** word die Universiteit steeds as een van die beste 500 tersiêre instellings ter wêreld beskou. Trouens, op die jongste weergawe het die instelling aansienlik opgeskuif.

Vir die jongste nuusberig oor dié onderwerp, gaan na:

<https://www.sun.ac.za/afrikaans/Lists/news/DispForm.aspx?ID=9732>

- **Wat is die minimum vereistes ("APS") om tot die Universiteit toegelaat te word?**

Verskillende programme van die Universiteit Stellenbosch het verskillende minimum vereistes. Hou egter in gedagte dat voldoening aan die minimum vereistes nie noodwendig toelating waarborg nie. Ons fakulteite het slegs 'n vasgestelde getal plekke beskikbaar, so die topkandidate sal voorlopige toelating ontvang. Boonop is party programme keuringsprogramme, wat beteken dat ander faktore ook in ag geneem word.

- Vir verdere inligting oor programvereistes, gaan na: www.maties.com > Wat kan ek studeer > Voorgraadse programme (kies die fakulteit waarin jy belang stel)
- Laai ons jongste publikasies af:
 - Brosjure oor minimum vereistes:
Afr: https://console.vpaper.ca/stellenbosch-university/toelatingsvereistes_2024/
Xho: https://console.vpaper.ca/stellenbosch-university/admission-booklet_2024_xho/
 - Brosjure oor vakkeuses vir graad 9's en loopbaanvoorligting vir graad 11's:
AFR: https://console.vpaper.ca/stellenbosch-university/graad-9-11_afr/
XHO: https://console.vpaper.ca/stellenbosch-university/grade-9-11_xha/



- **Hoeveel eerstejaarstudente kry jaarliks toelating tot die Universiteit Stellenbosch?**

Wat die toegelate getal eerstejaars betref, is dit belangrik om die volgende agtergrondinligting in gedagte te hou. Fakulteite werk met 'n oorbeprekingstelsel om seker te maak dat hulle jaarliks hulle mikpunte haal. Terselfdertyd moet hulle steeds streng gehaltebeheer toepas sodat hulle net die beste studente vir hulle programme aanvaar.

Ons het in 2022 byvoorbeeld 73 000 aansoeke ontvang, en sowat 10 000 studente aanvaar gewoonlik 'n voorwaardelike aanbod. Soos vorige jare, hoop ons om uiteindelik weer 5 500 eerstejaarstudente te registreer.

Fakulteit	Gemiddelde getal eerstejaars
AgriWetenskappe	460
Natuurwetenskappe	700
Ingenieurswese	715
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	434
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 560
Lettere en Sosiale Wetenskappe	1 050
Opvoedkunde	235
Regsgeleerdheid	120
Teologie	67
Krygskunde	100

- **Hoe doen 'n mens aansoek by die Universiteit Stellenbosch?**

Voornemende studente doen in hulle graad 12-jaar aansoek op grond van hulle punte in die graad 11-eindeksamen. Aansoeke vir die akademiese jaar 2025 open op 1 April 2024 en sluit op 31 Julie 2024. Onthou, ons kan slegs volledige aansoeke oorweeg. Volg daarom al die stappe om jou aansoek te voltooi, en laai alle vereiste dokumente.

Voornemende studente kan vir tot drie programme aansoek doen en sal vir al drie oorweeg word. Dit beteken ook dat 'n aansoeker tot drie voorlopige aanbiedinge kan ontvang.

Aansoekers wat in 2025 aan die Universiteit Stellenbosch wil studeer, moet teen 30 September 2024 'n voorwaardelike aanbod aanvaar.

Raadpleeg gerus ook die volgende belangrike hulpbronne:

- **Hoe om aansoek te doen** – onder andere watter dokumente om in te dien en vir hoeveel programme jy mag aansoek doen:
www.maties.com > Aansoek > Hoe doen ek aansoek
www.maties.com > Aansoek > Aansoekdokumente
- **Kan jy vir meer as een program in dieselfde fakulteit aansoek doen?**
www.maties.com > Aansoek > Kies jou program



- **Is daar enige bykomende keuringsvereistes waarvan ek behoort te weet?**

Nasionale Normtoets (NNT)

Kandidate wat aan die Fakulteit Regsgeleerdheid (LLB, BCom Regte,

BRekLLB, BA Regte) aansoek gaan doen, moes die NNT's voor 30 Julie aflê om vir keuring in aanmerking te kom.

Met die oog op die akademiese jaar 2025 moet alle School of Tomorrow-aansoekers die NNT's voor die einde van 2024 aflê om seker te maak dat hulle uitslae vóór registrasie in 2025 beskikbaar is.

Vir verdere inligting oor bykomende keuringsvereistes:

- o www.maties.com > Aansoek > NNT

- **Wat is die verskil tussen voorwaardelike en finale aanvaarding?**

Studente word voorwaardelik aanvaar op grond van hulle punte in die graad 11-eindeksamen. Hierdie voorlopige aanvaardingsproses vind gedurende jou graad 12-jaar plaas. Jou finale toelating hang af van jou punte in die graad 12-eindeksamen. Finale toelating kan dus eers toegestaan word nadat die eindeksamenuitslae in Januarie van jou eerste studiejaar vrygestel word.

- **Watter finansieringsmoontlikhede is daar?**

Studente het verskillende finansieringsmoontlikhede beskikbaar. Begin ondersoek dit asseblief lank vooruit, want die aansoekprosesse en sluitingsdatums wissel. As jy om 'n beurs wil aansoek doen, moet jy dit gedurende jou graad 12-jaar doen.

- o Ons webtuiste bied 'n opsomming van die verskillende geleenthede: <https://finaid.sun.ac.za/>
- o Raadpleeg ook die beursblad op die GoStudy-webtuiste: <https://www.gostudy.net/bursaries>
- o Alle groot banke het studielenkingskemas, en baie privaat maatskappye soos FUNDI spesialiseer ook in studenteleninge: <https://fundi.co.za/>
- o Laastens is die Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS) beskikbaar vir studente uit huishoudings met 'n gesamentlike bruto jaarlikse inkomste van minder as R350 000: <https://www.nsfas.org.za/content/bursary-scheme.html>



- **Wat van verblyf?**

Ons voorgraadse koshuise neem jaarliks 2 000 eerstejaarstudente in (1 000 mans en 1 000 vroue). Die res van die eerstejaars (3 500) kies om hetsy in privaat huisvesting te bly of in en uit te ry (pendel).

So, wie kry plek in die koshuis, en wat is die akademiese afsnypunt? Die afsnypunt wissel, want dit hang af van die akademiese prestasie van die aansoekerpoel van die betrokke jaar. Oor die algemeen behoort 'n A-gemiddelde jou 'n betreklik goeie kans op plek in die koshuis te gee, maar dit is nie 'n waarborg nie. Die beste raad om koshuisplek te kry is om so hard moontlik te werk sodat jy jou gemiddelde kan opstoot.

Maar selfs al bly jy uiteindelik privaat of pendel, beteken dit nie jy kan nie deel wees van die studentegemeenskap nie. Die Universiteit Stellenbosch se klusterstelsel skep fisiese ruimtes op kampus waar privaat studente en hulle eweknieë in die koshuis saamkuier. Ons noem dié ruimtes "hubs" – waar studente saam studeer en eet. Ons het reeds twee toegewyde hubs, en die plan is om uiteindelik 'n hub in elk van ons agt klusters te bou.

- Vir verdere inligting oor ons koshuise:
www.maties.com > Akkommodasie > Universiteitskoshuise
www.maties.com > Akkommodasie > Plasing vir voornemende studente
- Vir verdere inligting oor privaat verblyf:
www.maties.com > Akkommodasie > Privaat verblyf

- **Wat is ons taalbeleid?**

Die Universiteit Stellenbosch wil voortreflike studente werf, talentvolle personeel aanstel en die instelling inklusief en divers maak. Een manier om dit reg te kry is deur meer as een taal te gebruik. As 'n navorsingsintensiewe universiteit, skep ons geleenthede vir studente om hulle akademiese geletterdheid te ontwikkel, en bevorder ons individuele, institusionele en samelewingsmeertaligheid.

Die Universiteit Stellenbosch is 'n nasionale bate met 'n wêreldwye impak, en ons studente en personeellede verteenwoordig byna ál die taalgroepe in Suid-Afrika. Sonder om die waarde van ander Suid-Afrikaanse en internasionale tale te misken, konsentreer ons instelling doelbewus op die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa, d.w.s. die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, waar ons geleë is. Dit doen ons in 'n gees van samewerking, veral samewerking met streeksrolspelers. Deur die akademiese waarde van Afrikaans, Engels en Xhosa te benut en uit te bou, bemagtig ons groot en diverse gemeenskappe.

- Vir 'n vollediger verduideliking van ons taalbeleid:
<http://www.sun.ac.za/afrikaans/taalbeleid>



- **Is Stellenboschkampus veilig?**

Soos oral anders in Suid-Afrika én die res van die wêreld, is waaksaamheid die sleutel tot persoonlike veiligheid. Hou jou waardevolle items weggebêre, bly bewus van jou omgewing, en probeer om nie saans alleen te loop nie.

Kampussekuriteit is 'n diensafdeling van die Universiteit wat alle studente, personeel en besoekers 'n veilige omgewing help skep. Sekuriteitsbeamptes patroleer die Universiteitsterrein en is opgelei om in noodgevalle bystand te bied.

Hier's van die beskikbare sekuriteitsdienste:

- **Saamstapdiens saans**

As jy tussen 20:00 en 05:00 tussen kampusgeboue of van 'n gebou na jou motor moet beweeg, vra gerus 'n sekuriteitsbeampte om saam met jou te stap.

- **Kampuspendeldiens**

'n Kampuspendeldiens is op die sentrale kampus beskikbaar. Hierdie diens fokus op die volgende behoeftes:

- Vervoer tussen die algemene parkeerareas op die rand van kampus en die kampuskern gedurende die dag.
- Vervoer tussen die langtermynparkeerarea en sentrale punte by die koshuise op vasgestelde tye gedurende die dag en nag.
- Vervoer vir en na diensafdelings en departemente op die rand van die kampus (bv. Voedselwetenskap en Welgevallen) na en van die kampuskern.
- Vervoer tussen kampusse (die interkampuspendeldiens)

- **Veiligste roetes**

Kies altyd die veiligste roete, selfs al is dit nie die kortste een nie. Bly verkieslik in Victoria- en Bosmanstraat, want dit word te alle tye gepatroleer. Saans is daar 'n sekuriteitsbeampte aan diens in die mobiele sekuriteitskiosk.

Vir sekuriteitswenke en -dienste: [Jou veiligheid](#)

- **Watter ko-kurrikulêre (nie-akademiese) geleenthede bied die Universiteit Stellenbosch?**

- **Maties Sport**

Maties Sport rig studente-atlete af en bied ook ander opwindende geleenthede vir diegene wat bloot aktief wil bly.

Daar is verskeie moontlikhede om te oorweeg:

- Deelname aan een van die Universiteit se tien hoëprestasie- of 20 ander sportsoorte: <https://sport.sun.ac.za/sportklubs>
- Sportdeelname as deel van ontspanning en 'n aktiewe leefstyl, met



wedstryde tussen koshuise en Privaatstudenteorganisasies

- Lidmaatskap van die Maties Gimnasium, 'n ten volle toegeruste gimnasium binne stapafstand van koshuise en die sentrale kampus:
<https://matiesgym.co.za/>

- o **Ander aktiwiteite**

- Die US het meer as 60 studenteverenigings om uit te kies:
<http://www.sun.ac.za/afrikaans/studenteverenigings>
- Die US Koor is tans boaan die Interkultur-wêreldranglys van die beste 1 000 kore ter wêreld: <http://www.sun.ac.za/afrikaans/koor>

As jy nog nie dié bekroonde koor hoor sing het nie, luister gerus:

<https://www.youtube.com/watch?v=PoOyjlMefLw>

- Die Matie is sedert 1941 die Universiteit se amptelike studentekoerant. Dit verskyn elke tweede Woensdag van die akademiese kwartaal. Die hele produksieproses – van foto's, berigte en advertensies tot bladuitleg en verspreiding – word deur die redaksie hanteer, wat uitsluitlik uit studente bestaan.
- MFM 92.6 is die kampus- en gemeenskapsradiostasie en laat jou "Move to the music". Vir verdere inligting: [MFM](#)
- Die Studenteraad (SR) is die hoogste verteenwoordigende studentestruktuur. Hulle funksioneer in verskeie portefeuljes wat aan 'n span verkose SR-lede en aangestelde SR-bestuurders toegeken word. Vir verdere inligting: [SR](#)

- **Watter programme word net by die Universiteit Stellenbosch aangebied?**

- o Die Agriwetenskappe fakulteit bied 3 unieke program area aan:
 - Wingerd- en Wynkunde
 - Houd en Houtprodukkunde
 - Die enigste Gewasseproduksie Departement aan 'n Universiteit in SA wat fokus op sagtevrugte, sitrus en Kaapse Flora en Bessies.
- o Die Ekonomiese en Bestuurswetenskappe fakulteit bied hierdie unieke programme aan:
 - Diploma in Volhoubare Ontwikkeling
 - BReKLLB
 - BCom Internasionale Besigheid, 'n kombinasie van die programme BCom Bestuurswetenskappe en BA Internasionale Studie. Hierdie vier jaar lange program sluit 'n uitruilbesoek van ses maande in.
- o Die land se eerste gespesialiseerde Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, wat 'n interdisiplinêre program aanbied met agt fokusgebiede wat oor vier fakulteite strek.



Die Skool het in 2021 sy eerste studente ingeneem.

- Analitika en Optimering (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
 - Gedragseconomie (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
 - Geoinformatika (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)
 - Rekenaarswetenskap (Fakulteit Natuurwetenskappe)
 - Statistiese Fisika (Fakulteit Natuurwetenskappe)
 - Statistiese Genetika (Fakulteit Agriwetenskappe)
 - Statistiese Leer (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
 - Toegepaste Wiskunde (Fakulteit Natuurwetenskappe)
- o Alle Ingenieurswese-programme volg dieselfde eerste jaar, behalwe die nuwe Data Ingenieurswese stoor, wat uniek is en studente 'n bietjie speelruimte bied om nog van fokusgebied te verander, nadat hul alle modules in hul eerste jaar suksesvol voltooi het.
 - o BSc in Polimeerwetenskappe
 - o As voorlopers in die veld om te die oorskuif na 'n koolstof-nutrale universiteit te fasiliteer, is die Skool vir Klimaatstudie in 2021 geopen. Dit is die eerste skool van sy soort in Suid-Afrika wat die status van 'n fakulteit het.
- **Watter programme word nie by die Universiteit Stellenbosch aangebied nie?**
 - o Argitektuur en programme oor die Beboude Omgewing
 - o Tandheelkunde
 - o Veeartsenykunde
 - o Mariene Biologie
 - o Gasvryheidstudie

As jy egter 'n spesifieke loopbaan in gedagte het, vra asseblief. Een van ons programme kan jou heel waarskynlik by daardie loopbaan uitbring, selfs al klink dit nie so aan die programnaam nie.

- **Watter ander bystand en hulpbronne is beskikbaar?**
 - o Nuttige aflaaibare (Universiteit Stellenbosch-spesifieke) hulpbronne, waaronder fakulteitsbrosjures, koshuisplasingbrosjures en meer: http://www.sun.ac.za/afrikaans/nuttige_hulpbronne
 - o Ander hulpbronne:
FundiConnect: <https://fundiconnect.co.za/useful-resources/>

PACE Careers: <http://www.pacecareers.com/services.html>
 - o Gratis programkeusevoorligting ('n aanlyn vraelys om te sien watter van ons programme die beste by jou profiel pas): <https://www.gostudy.net/maties>



- **Ek het nóg vrae ...**

1. Bespreek 'n AANLYN KONSULTASIESESSIE.

Nie moontlik om kampus toe te kom nie? Ons maak 'n plan! Een van ons raadgewers sal jou met 'n aanlyn inligtingsessie bystaan. Die sessie sal jou 'n oorsig bied van ons aansoekproses, toelatingskriteria, moontlikhede vir finansiële bystand en die studentelewe.

Ons gebruik platforms soos Zoom, MS Teams, WhatsApp, Skype en Facebook Messenger. Selfs 'n goeie ou telefoonoproep sal werk!

- **Om te bespreek:**

E-pos: csr@sun.ac.za

Telefoon: 021 808 4709

2. Bespreek 'n PSIGOMETRIESE ASSESSERING.

- **Koste:**

Maandae tot Vrydae: R2 650 per kliënt | Saterdag: R3 050 per kliënt

Die fooi is binne 48 uur ná bespreking betaalbaar. Die koste is van toepassing op sowel kontak- as aanlyn assesserings. (Betalingsooreenkoms kan vasgestel word.)

*Hou gerus die webtuiste www.maties.com en ons Facebook-blad dop vir spesiale aanbiedinge!

- **Om te bespreek:**

E-pos: csr@sun.ac.za

Telefoon: 021 808 4709

<http://www.sun.ac.za/english/maties/Pages/Career-CareerAdvice.aspx>

Let wel:

- Ons is gedurende skoolvakansies oop.
- Assesserings word slegs volgens afspraak gedoen.
- Ander dienste (soos loopbaanvoorgligting by skole, of spesiale projekte en/of werksessies) is ook beskikbaar. Koste sal van die aard van die projek afhang.
- Ons assesseer slegs persone tussen die ouderdom van 15 en 21.
- Graad 10-leerders word slegs geassesseer indien hulle 'n verandering in vakke oorweeg.